# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 11*

# *Direkte en Indirekte Rede*

## Notas

1. STELLINGS

Lise sê: "Ek gaan vandag strand toe."

SONDER "DAT"

Lise sê sy gaan vandag strand toe.

- voornaamwoord verander

MET "DAT"

Lise sê *dat sy* vandag strand toe gaan.

- voornaamwoord verander
- werkwoord skuif na die einde van die sin ("dat" is 'n Groep 3-voegwoord.)

2. VRAE

Lise vra: " André, wil jy strand toe gaan?" Lise vra vir André of *hy* strand toe *wil*

gaan. VRAAG BEGIN MET WW.

- OF
- voornaamwoord verander
- werkwoord skuif na die einde van die sin

André vra: "Wanneer gaan ons?" André vra *wanneer hulle* gaan.

VRAAG BEGIN MET VRAENDE VNW.

- VRAENDE VOORNAAMWOORD
- voornaamwoord verander
- werkwoord skuif na die einde van die sin

3. BEVELE

Olu beveel Lise; "Pak ons sonroom in!"

OM…TE

Olu beveel Lise om *hul* sonroom in *te pak*

- voornaamwoord verander
- werkwoord skuif na die einde van die sin

DAT…MOET

Olu beveel Lise *dat sy* hul sonroom *moet inpak.*

- voornaamwoord verander
- werkwoord skuif na die einde van die sin
- voornaamwoord word ingevoeg

REEDS 'N "MOET" IN DIE BEVELSIN:

Lise sê vir André: "Jy moet jou hoed onthou!"

Lise sê vir André dat *hy sy* hoed moet onthou.

4. UITROEPE

- Die huisvrou sê: "Ag, nee / Ai / Ai tog, die kos het verbrand!"
  Die huisvrou sê moedeloos/teleurgesteld dat die kos verbrand het.

- Die verpleegster sê: "Foei tog / Sies tog, die man het sy been gebreek." Die verpleegster sê bejammerend / simpatiek dat die man sy been gebreek het.

- Donovan skree: "Wat! / Nooit! / Goeiste! / Gits! Ek het dit nie geweet nie." Donovan skree verbaas dat hy dit nie geweet het nie.

- Pieter skree: "Vervlaks! / Deksels! Die dief het ontsnap!" Pieter skree ontsteld / woedend dat die dief ontsnap het.

- Elsa vra: "Vee asseblief jou voete af," Elsa vra hoflik / beleefd dat hy sy voete moet afvee.
- Die dame sê: "Dankie dat jy so gereeld geskryf het." Die dame bedank hom/haar dat hy/sy so gereeld geskryf het.
- My sussie skree: "Eina! Ek het my vingers gebrand!" My sussie skree in pyn / skree van die pyn en sê dat sy haar vingers gebrand het.
- Die seun skree: "Hoera! / Wonderlik! / Jippie! Ek het geslaag!" Die seun skree bly / opgewonde / ingenome / met 'n uitroep van blydskap dat hy geslaag het.
- Die meisie kyk na die sportmotor en sê: "Maggies! / Sjoe! / Aitsa! Dis mooi!" Die meisie kyk na die sportmotor en sê beïndruk / in verwondering dat dit mooi is.
- Die moeë werker sê: "Sjoe, / Ai, dis vandag vreeslik warm." Die moeë werker sug en sê dat dit vandag vreeslik warm is.
- Die vrou antwoord: "Ja, ek woon in Kaapstad." Die vrou antwoord bevestigend en sê dat sy in Kaapstad woon.
- Die seun sê: "Nee, ek het dit nie gedoen nie." Die seun antwoord ontkennend en sê dat hy dit nie gedoen het nie. Die seun ontken dat hy dit gedoen het.

ONTHOU:

Marié sê: "Buhle, jy het 'n baie mooi swembroek." —> Marié sê *vir* Buhle dat *sy* 'n baie mooi swembroek het. Thembi vra: "Kan ek ook strand toe gaan, Ma?" —> Thembi vra *haar ma* of *sy* ook strand toe kan gaan.